

GROEP FINANSIËLE JAARVERSLAG 2006

Direkteursverantwoordelikheid en goedkeuring	34
Sertifikaat deur Maatskappysekretaris	35
Verslag van die onafhanklike ouditeure	36
Direkteursverslag	37
Rekeningkundige beleid	39
Groep balansstaat	52
Groep inkomstestaat (Werklik)	53
Ongeouditeerde Groep inkomstestaat (Pro forma)	54
Groepstaat van verandering in ekwiteit	55
Groep kontantvloeistaat	56
Segmentinligting	57
Aantekeninge tot die Groep finansiële jaarstate	61
Bylae A – Belang in ongenoteerde filiale	97
Bylae B – Belang in ongenoteerde gesamentlike ondernemings	98
Bylae C – Belang in ongenoteerde geassosieerdes	99
Bylae D – Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop	100

DIREKTEURSVERANTWOORDELIKHEID EN GOEDKEURING

34

Die Direkteure is verantwoordelik vir die opstel, integriteit en redelike aanbieding van die finansiële jaarstate van AFGRI Beperk en sy filiale. Die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 37 tot 110 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en sluit bedrae wat gebaseer is op die oordeel en beramings van bestuur in. Die Direkteure het ook die ander inligting wat in die jaarverslag ingesluit word, opgestel en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid daarvan met die finansiële state.

Die lopende saak-beginsel is aanvaar in die opstelling van die finansiële state. Gebaseer op vooruitskattings en beskikbare kontantbronne is die Direkteure oortuig dat daar geen rede bestaan waarom die Groep of enige maatskappy in die Groep nie 'n lopende saak in die nabye toekoms sal wees nie.

Die Groep se onafhanklike eksterne ouditeure, Pricewaterhouse-Coopers Ingelyf, wat onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en relevante data, insluitende notules van alle aandeelhoudersvergaderings, die Raad van Direkteure en Komitees, gehad het, het die finansiële state geoudit. Die Direkteure glo dat alle voorleggings, wat gedurende die oudit aan die onafhanklike ouditeure gemaak was, geldig en toepaslik was. Pricewaterhouse-Coopers Ingelyf se ouditverslag verskyn op bladsy 36.

Die finansiële jaarstate is op 16 Mei 2006 deur die Raad van Direkteure goedgekeur en word namens hulle onderteken deur:



PF ERASMUS

Voorsitter



JD WRIGHT

Besturende Direkteur

JOHANNESBURG

16 Mei 2006

SERTIFIKAAT DEUR MAATSKAPPYSEKRETARIS

35

In my hoedanigheid as Maatskappysekretaris, bevestig ek hiermee dat die Maatskappy alle opgawes soos vereis vir publieke maatskappye ingevolge Artikel 268 G(d) van die Maatskappywet, 1973, by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.



SL REYNOLDS (Me)

Maatskappysekretaris

JOHANNESBURG

16 Mei 2006

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

36

Ons het die Groep finansiële jaarstate soos uiteengesit op bladsye 102 tot 110 en die Maatskappy se finansiële jaarstate soos uiteengesit op bladsye 37 tot 100 (uitgesluit bladsy 54) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006, geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Maatskappy se Direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

Ons het ons audit ooreenkomstig standpunte van Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaard vereis dat ons die audit beplan en uitvoer ten einde redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesenlike wanvoorstelling in die finansiële state is nie. 'n Oudit behels 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat bedrae en openbaarmakings in die finansiële state steun, 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is, asook 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons audit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

Na ons mening bied hierdie Groep finansiële jaarstate en die finansiële jaarstate van die Maatskappy, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die Groep en die Maatskappy op 28 Februarie 2006, en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid-Afrika vereis.



PRICEWATERHOUSECOOPERS ING

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

JOHANNESBURG

16 Mei 2006

DIREKTEURE

DIREKSIESAMESTELLING

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 6.

Die volgende wysigings het gedurende die jaar in die Direksie plaasgevind:

Op 1 April 2005 is Mnr CA Apsey as 'n onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur in die Direksie aangestel en Mnr DM Sewela is as 'n alternatiewe Direkteur vir Mnr I de W Goosen aangestel. Mnr MM Moloele is effektief vanaf 16 Mei 2005 as Gesamentlike Adjunkvoorsitter aangestel.

Mnr DM Sewela is effektief vanaf 7 April 2006 as 'n volle Uitvoerende Direkteur aangestel.

Ingevolge die Statute tree, Mnre Erasmus, Ferreira, Jansen van Rensburg en Van der Merwe tydens die Algemene Jaarvergadering deur rotasie af. Alle Direkteure, behalwe Mnr Jansen van Rensburg stel hulself vir herverkiesing beskikbaar.

Ingevolge die Statute moet Mnr Davies bedank aangesien hy 70 jaar oud is en nie vir herverkiesing beskikbaar is nie.

DIREKTEURSBELANGE

Die belange van die Direkteure in die uitgereikte aandele van die Maatskappy is soos volg en het individueel nie een persent van die uitgereikte aandeelkapitaal of stemreg van die Maatskappy oorskry nie.

	Aantal	
	2006	2005
	'000	'000
Voordelig		
– Direk		
JJ Claassen	–	20
JD Wright	700	–
I de W Goosen	525	–
JTJ v Rensburg	700	943
JJ Ferreira	–	78
	1 925	1 041

Daar is geen indirekte en nie-voordelige belange nie.

AANDELE-OPSIES

Die aandele-opsies van Uitvoerende en voormalig Uitvoerende Direkteure van die Maatskappy is soos volg:

	Aantal	
	2006	2005
	'000	'000
– Totale aandele-opsies kumulatief uitgeoefen vanaf datum van aanstelling	28 087	20 483
– Totale kontrakte nie geïmplementeer nie (verwys Aantekening 8.3, bladsy 100)	11 484	7 098

DIREKTEURE SE DIENSKONTRAKTE EN HANDELSBEPERKINGS

JD Wright, I de W Goosen en DM Sewela is Uitvoerende Direkteure van die Maatskappy en is onderhewig aan skriftelike diensooreenkomste. Die diensooreenkomste reguleer die pligte, vergoeding, toelaes, beperkings, verlof en kennistydperke van hierdie Uitvoerende Direkteure. Die diensooreenkoms van JD Wright sal tot September 2006 en daarna vir 'n onbepaalde tydperk met 'n kennisgewingperiode van 6 maande geld. Die diensooreenkoms van I de W Goosen is gedurende die jaar hernu en is geldig tot 1 Junie 2008. 'n Diensooreenkoms is ook met DM Sewela gesluit en is geldig tot 30 Junie 2008. Die Maatskappy het ooreenkomste met GAL Ebedes en MM Moloele aangegaan ten einde hul kundigheid te behou en om betrokke te wees by die Maatskappy se openbare betrekkinge en ander strategiese projekte. GAL Ebedes se kontrak verval op 28 Februarie 2007 en MM Moloele se kontrak verval op 31 Oktober 2006.

JD Wright en I de W Goosen word beperk om vir 'n tydperk van 24 maande na diensbeëindiging met AFGRI en enige besighede binne die AFGRI Groep mee te ding. DM Sewela word vir 'n periode van 12 maande na diensbeëindiging beperk.

DIREKTEURSVergoeding

Die Direkteure se vergoeding vir die jaar onder oorsig word op bladsye 108 tot 110, Aantekening 8, uiteengesit.

DIREKTEURSVERSLAG (vervolg)

AANDELEKAPITAAL

GEMAGTIGDE EN UITGEREIKTE KAPITAAL

Die gemagtigde aandelekapitaal is onveranderd teenoor die vorige jaar. Gedurende die jaar is 14 279 000 aandele, soos hieronder uiteengesit, aan die aandele-aansporingstrust uitgereik.

AFGRI AANDELE-AANSPORINGSTRUST

Op 28 Februarie 2006 het die AFGRI Beperk Trust 24 806 788 geallokeerde aandele besit. Gedurende die jaar het werknemers 6 033 422 kontrakte geïmplementeer en 14 279 000 (2005: Nul) aandele is aan werknemers toegeken.

FINANSIËLE AANGELEENTHEDE

DIVIDENDE EN KAPITAALDISTRIBUSIE

'n Interimdividend van 9,05 sent per aandeel is op 19 Desember 2005 betaal. Die Direkteure het 'n kapitaaldistribusie vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006, in die plek van 'n dividend, van 21,18 sent per aandeel uit die aandelepremie verklaar. Die verklaring is onderhewig aan aandeelhouersgoedkeuring op die Algemene Jaarvergadering. Geen voorsiening word vir die kapitaaldistribusie gemaak nie.

KAPITAALUITGAWES

Kapitaalbesteding vir die jaar het R53,4 miljoen (2005: R172,7 miljoen) bedra. Die beraamde R157,0 miljoen uitgawes wat deur die Groep vir die 2007 finansiële jaar voorsien word, sal uit interne bronne en, waar van toepassing, deur lenings befonds word.

FINANSIËLE RESULTATE

Die resultate van die Groep word in detail in die finansiële state aangebied en verdere inligting word in die Inkomstestaat op bladsye 53 en 54 en die Segmentinligting op bladsye 57 en 60 voorsien.

NA-BALANSSTAATGEBEURE

Geen wesenlike gebeure, behalwe soos hieronder aangedui, waarvan sodanige kennis die gebruikers van die state sou beïnvloed om korrekte evaluasies en besluite te maak, het na die datum van die finansiële state en die datum van goedkeuring daarvan, plaasgevind nie.

Die verkryging van 'n 100%-belang in Daybreak teen 'n aankoopsprys van R120 miljoen bevestig die Groep se hertoetreding tot die braaikuikenbedryf. Alle opskortende voorwaardes met betrekking tot die verkryging is gedurende Maart 2006 nagekom.

Sedert jaareinde is die katoenpluisbelange in Clark Cotton aan Cargill verkoop. Die totale opbrengs met die verkoop van die katoenpluisbelange is ongeveer R259 miljoen.

GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS, GEASSOSIEERDES EN FILIAALMAATSKAPPY

Inligting rakende die filiale, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings word in Bylaes A, B en C tot die finansiële state gegee.

SEKRETARIS

SL Reynolds tree as Sekretaris van die Maatskappy op. Die besigheids- en posadres van die Sekretaris word op bladsy 118 uiteengesit.

OPENBARE BEAMPTE

PFR Swanepoel tree as openbare amptenaar van die Groep op.

OUDITEURE

PricewaterhouseCoopers Ing. het hulself bereid verklaar om aan te bly as ouditeure, en besluite wat hul heraanstelling bevestig, sal voorgelê word aan die eerskomende Algemene Jaarvergadering.

Die belangrikste rekeningkundige beleid wat toegepas word in die opstelling van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate word hieronder uiteengesit en stem ooreen met dié van die vorige jaar, behalwe waar anders aangedui.

1 BASIS VAN OPSTELLING

Hierdie gekonsolideerde finansiële state van AFGRI is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFVS"). IFVS 1, Aanvanklike aanvaarding van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, is toegepas in die opstel van hierdie finansiële state. Hierdie gekonsolideerde finansiële state is die eerste AFGRI finansiële state wat in ooreenstemming met IFVS opgestel is.

Die rekeningkundige beleide, soos hieronder uiteengesit, is konsekwent toegepas vir al die gerapporteerde jare.

Rekonsiliasies en beskrywings van die effek van die oorskakeling vanaf Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk ("AARP") na IFVS op die Groep se ekwiteit en netto wins, word aangebied in Aantekening 2 van die aantekeninge tot die Groep finansiële jaarstate.

Hierdie gekonsolideerde finansiële state is opgestel volgens die historiese koste beginsel, soos aangepas deur die herwaardasie van finansiële bates en finansiële laste beskikbaar-vir-verkoop (ingesluit afgeleide finansiële instrumente) teen billike waarde deur wins en verlies.

Die opstel van die finansiële state in ooreenstemming met IFVS vereis die gebruik van sekere kritiese rekeningkundige ramings. Dit vereis ook dat bestuur oordeel moet gebruik in die toepassing van die Maatskappy se rekeningkundige beleid. Die areas wat 'n hoër vlak van oordeel vereis of meer kompleks is, of areas waar aannames en ramings 'n wesentliche invloed op die gekonsolideerde finansiële state het, word weergegee in Aantekening 1 (Kritiese rekeningkundige aannames en oordeel).

Interpretasies en wysigings tot die gepubliseerde standaard effektief in 2005

Die volgende wysigings aan en interpretasies tot standaard is verpligtend vir die Groep se rekeningpligte tydperke effektief op of na 1 Maart 2005:

- IFRIC 2, Lede se Belang in Koöperatiewe Entiteite en Soortgelyke Instrumente (effektief vanaf 1 Januarie 2005);
- SIC 12 (Gewysig), Konsolidasie – Spesiale Doel Entiteite (effektief vanaf 1 Januarie 2005); en
- IRS 39 (Gewysig), Oorskakeling en Aanvanklike Erkenning van Finansiële Bates en Finansiële Laste (effektief vanaf 1 Januarie 2005).

Standaard, interpretasies en wysigings aan gepubliseerde standaard wat nog nie van krag is nie

Sekere nuwe standaard, wysigings en interpretasies van bestaande standaard is gepubliseer wat verpligtend is vir die Groep se rekeningpligtige tydperke effektief op of na 1 Maart 2006, maar wat die Groep nie vroeër geïmplementeer het nie. Hierdie standaard, wysigings en interpretasies is nie noodwendig van toepassing nie en bestuur het dus besluit om dit nie vroeg te implementeer nie. Die effek hiervan is nie aangepas nie.

2 KONSOLIDASIE

2.1 FILIALE

Filiale is entiteite (ingesluit spesiale doel entiteite) waar die Groep die reg het om beheer uit te oefen oor die finansiële en operasionele beleide, soos normaalweg by 'n aandeelhouding van meer as die helfte van die stemregte in die entiteite. Die bestaan en effek van potensiële stemregte wat dadelik uitoefenbaar of omskepbaar is word in aanmerking geneem wanneer die Groep bepaal of 'n bepaalde entiteit beheer word al dan nie.

Filiale word ten volle gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer oorgedra is aan die Groep. Die entiteite word gedekonsolideer vanaf die datum waarop beheer nie meer bestaan nie.

Die kosprys metode word gebruik by die teboekstelling van die verkryging van filiale binne die Groep.

Die kosprys van 'n verkryging word gemeet as die billike waarde van die bates verkry, ekwiteitsinstrumente uitgereik en laste aangegaan of oorgeneem op die datum van oordrag, plus enige koste wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging.

REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

Identifiseerbare bates verkry en laste en voorwaardelike aanspreeklike aanvaar in besigheidsamevoegings word aanvanklik gemeet teen billike waarde op die datum van verkryging, ongeag die omvang van enige minderheidsbelang. Die surplus van die koste van verkryging bo die billike waarde van die Groep se aandeel in die identifiseerbare netto bates word erken as klandisiewaarde. Indien die koste van verkryging minder is as die billike waarde van die Groep se aandeel in die netto bates van die filiaal wat verkry word, word die verskil onmiddelik in die inkomstestaat erken.

Intermaatskappy transaksies, saldo's en ongerealiseerde surplusse op transaksies tussen Groepsmaatskappye, word geëlimineer. Ongerealiseerde verliese word ook geëlimineer behalwe waar daar bewyse is dat daar 'n waardedaling vir die bate oorgedra bestaan. Die rekeningkundige beleid van filiale is waar nodig verander om ooreen te stem met die beleid soos aanvaar deur die Groep.

2.2 GEASSOSIEERDES

Geassosieerdes sluit in alle entiteite waaroor die Groep wesenlike invloed het, maar nie beheer nie, normaalweg gepaardgaande met 'n aandeelhouding van tussen 20% en 50% in die stemregte van die entiteit. Beleggings in geassosieerdes word verantwoord volgens die ekwiteitsrekeningkundemetode en word aanvanklik erken teen kosprys. Die Groep se beleggings in geassosieerdes sluit klandisiewaarde (netto van enige opgelope waardedaling), soos geïdentifiseer met verkryging, in.

Die Groep se gedeelte van die geassosieerde se na-verkrygings winste of verliese word verantwoord in die inkomstestaat, terwyl die gedeelte van na-verkrygingsreserwes in reserwes erken word. Die kumulatiewe na-verkrygingsbewegings word teen die drabedrag van die belegging verreken.

Indien die Groep se gedeelte van 'n verlies in 'n geassosieerde gelyk is aan of groter is as die belang in die geassosieerde, insluitend enige debiteure wat nie as sekuriteit dien nie, erken die Groep geen verdere verliese nie, behalwe as sekere verpligtinge aangegaan is of betalings namens die geassosieerde gemaak is.

Ongerealiseerde winste op transaksies tussen die Groep en sy geassosieerdes word geëlimineer tot die mate van die Groep se belang in die geassosieerde. Ongerealiseerde verliese word ook geëlimineer behalwe indien die transaksie bewyse lewer van die bestaan van 'n waardedalings van die bate oorgedra. Die rekeningkundige beleid van geassosieerdes is, waar nodig, verander om ooreen te stem met die beleid soos aanvaar deur die Groep.

2.3 GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Die Groep se belang in gesamentlike beheerde entiteite word verantwoord volgens die proporsionele konsolidasiemetode.

Die Groep se belang in die gesamentlike onderneming se inkomstes en uitgawes, bates en laste en kontantvloei word op 'n lyn-vir-lyn basis in die finansiële state saam met soortgelyke items van die Groep gekombineer.

Die Groep erken net die gedeelte van winste en verliese voortspruitend uit die verkoop van bates deur die Groep aan die gesamentlike onderneming wat toeskryfbaar is aan ander belanghebbendes. Die Groep erken nie sy gedeelte van winste en verliese uit die gesamentlike onderneming wat voortspruit uit die aankoop van bates uit die gesamentlike onderneming nie totdat die bates herverkoop word aan 'n onafhanklike party.

'n Verlies op 'n transaksie word egter onmiddelik erken indien so 'n verlies daarop dui dat daar 'n afname in die netto realiseerbare waarde van bedryfsbates is, of indien 'n waardedaling bestaan. Die rekeningkundige beleid van gesamentlike ondernemings is, waar nodig, verander om ooreen te stem met die beleid soos aanvaar deur die Groep.

3 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Grond en geboue bestaan hoofsaaklik uit fabrieksgeboue en kantore. Alle eiendom, aanleg en toerusting word getoon teen kosprys min latere waardevermindering en waardedaling, behalwe vir grond, wat getoon word teen kosprys min waardedaling. Die kosprys sluit in koste wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging van die bates. Die kosprys mag ook oordragte vanuit ekwiteit of enige winste/verliese insluit ten opsigte van enige kwalifiserende kontantvloeiwerskansings op buitelandse aankope van eiendom, aanleg en toerusting. Addisionele koste word óf ingesluit by die bestaande bate se drabedrag óf erken as 'n individuele bate, soos van toepassing, slegs indien dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat verband hou met die item na die Groep gaan vloei en die kosprys van die item betroubaar gemeet kan word. Sekere items van eiendom, aanleg en toerusting word teen herwaardeerde bedrae, wat grootliks vergelykbaar is met hulle billike waarde, gedra. Dit word vir doeleindes van oorskakeling na IFVS as die bates se geagte kosprys beskou. Alle ander herstelwerk- en onderhoudskoste word in die inkomstestaat erken in die finansiële periode waarin dit aangegaan is.

Waardevermindering word bereken volgens die reguitlynbasis om die kosprys van elke bate na die bate se reswaarde te verminder oor die bate se verwagte nuttige lewensduur, soos volg:

- Geboue 25 – 100 jaar
- Aanleg en masjinerie 5 – 100 jaar
- Toerusting en motorvoertuie 5 – 50 jaar
- Grond – geen waardevermindering nie

Op wesenlike verbeterings word waardevermindering bereken oor die oorblywende lewensduur van die onderliggende bate, of tot die datum van die volgende wesenlike verbetering, welke ookal die vroegste is.

Die bates se reswaardes en nuttige lewensduur word hersien en aangepas, indien nodig, op elke balanstaatdatum. 'n Bate se drabedrag word onmiddelik afgeskryf na sy realiseerbare bedrag indien die bate se drabedrag groter is as die verwagte realiseerbare waarde.

Leenkoste aangegaan by die konstruksie van enige kwalifiserende bate word gekapitaliseer oor die tydperk wat dit neem tot voltooiing en voorbereiding van die bate vir die beoogde gebruik daarvan. Ander leenkoste word direk teen die inkomstestaat afgeskryf.

Wins en verlies op vervreemding word bepaal deur 'n vergelyking van opbrengs met drabedrag. Dit word erken in die inkomstestaat. Wanneer herwaardeerde bates verkoop word, word bedrae ingesluit in ander reserwes oorgedra na behoue verdienste.

4 ONTASBARE BATES

4.1 KLANDISIEWAARDE

Klandisiewaarde verteenwoordig die surplus van die kosprys van 'n verkryging bo die billike waarde van die Groep se belang in netto geïdentifiseerde bates van die filiaal/geassosieerde op die datum van verkryging. Klandisiewaarde uit verkrygings van filiale word ingesluit in ontasbare bates. Klandisiewaarde uit die verkryging van 'n geassosieerde word ingesluit in die beleggings in geassosieerdes. Klandisiewaarde word jaarliks getoets vir waardedaling en word gedra teen kosprys min opgelope waardedaling. Wins en verlies met die verkoop van 'n entiteit sluit die drabedrag van klandisiewaarde toeskryfbaar aan daardie entiteit in.

Klandisiewaarde word na kontantgenererende eenhede geallokeer vir doeleindes van waardedalingstoetsing. Die allokasie word gemaak na daardie kontantgenererende eenhede of groepe van kontantgenererende eenhede waar verwag word dat voordeel getrek sal word uit die besigheidsamevoegings waarin die klandisiewaarde ontstaan het. AFGRI allokeer klandisiewaarde na elke besigheidsegment in die betrokke land waarin die bedrywighede is.

4.2 NAVORSING EN ONTWIKKELING

Navorsing word erken as 'n uitgawe soos aangegaan. Koste aangegaan vir ontwikkelingsprojekte word as ontasbare bates erken wanneer dit waarskynlik is dat die projek 'n sukses sal wees, inaggenome die kommersiële en tegnologiese uitvoerbaarheid, en dat koste betroubaar gemeet kan word. Ander ontwikkelingskoste word as 'n uitgawe erken soos aangegaan. Ontwikkelingskoste voorheen as uitgawe erken, word nie in 'n latere periode as 'n bate erken nie. Ontwikkelingskoste met 'n beperkte lewensduur, wat gekapitaliseer is, word geamortiseer vanaf die aanvangsdatum van kommersiële produksie van die produk op 'n reguitlynbasis oor die verwagte periode van die voordeel, wat nie vyf jaar oorskry nie.

4.3 REKENAARSAGTEWARE

Aangekoopte rekenaarsagtewarelisensies word gekapitaliseer op die grondslag van die koste aangegaan om die spesifieke sagteware te verkry en in gebruik te stel. Hierdie koste word volgens die reguitlynbasis oor die verwagte nuttige lewensduur geamortiseer.

Koste geassosieer met die ontwikkeling of instandhouding van rekenaarsagtewareprogramme word as uitgawe erken soos aangegaan. Koste direk toeskryfbaar aan die produksie van identifiseerbare en unieke sagtewareprodukte onder die beheer van die Groep, wat na verwagting ekonomiese voordele vir langer as een jaar, wat koste oorskry, sal genereer, word as 'n ontasbare bate erken. Direkte koste sluit sagteware-ontwikkeling se werknemerskoste, asook 'n toepaslike deel van relevante bokoste, in.

Rekenaarsagteware-ontwikkelingskoste wat as bate erken is, word op 'n reguitlynbasis oor die verwagte nuttige lewensduur daarvan (wat nie vyf jaar oorskry nie), geamortiseer.

REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

4.4 HANDELSMERKE EN LISENSIES

Handelsmerke en lisensies word teen historiese kosprys getoon. Handelsmerke en lisensies het 'n beperkte nuttige lewensduur en word teen kosprys min opgelope amortisasie gedra. Amortisasie word volgens die reguitlynbasis bereken om die kosprys van die handelsmerke en lisensies oor die verwagte nuttige lewensduur (wat nie twintig jaar oorskry nie), te allokeer.

5 WAARDEDALINGS VAN NIE-FINANSIËLE BATES

Bates met 'n onbeperkte nuttige lewensduur is nie onderhewig aan amortisasie nie en word jaarliks vir waardedaling getoets. Bates wat onderhewig is aan depresiasie of amortisasie word vir waardedaling ondersoek wanneer daar gebeure of veranderde omstandighede is wat aandui dat die drabedrag nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedaling word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag die verhaalbare waarde oorskry. Die verhaalbare bedrag is die grootste van die bate se billike waarde min verkoopskoste en waarde-in-gebruik. Vir doeleindes van toetsing vir waardedaling, word bates in die laagste vlakke van afsonderlik identifiseerbare kontantgenererende eenhede gegroepeer. Nie-finansiële bates anders as klandisiewaarde, wat 'n waardedaling gely het, word op elke rapporteringsdatum hersien vir moontlike terugskrywing van die waardedaling.

6 FINANSIËLE BATES

Vanaf 1 Maart 2004 tot 28 Februarie 2005:

Finansiële bates bestaan uit beleggings in ander maatskappye, uitgesluit dié in filiale en geassosieerdes, finansiële debiteure gehou vir beleggingsdoeleindes, tesourie-aandele en ander sekuriteite. Finansiële bates word erken teen kosprys, ingesluit addisionele direkte koste. 'n Permanente waardedaling word voorsien as 'n direkte vermindering in die sekuriteiterekening.

Bedryfsbates sluit ook beleggings en sekuriteite in wat as tydelike beleggings verkry is, en word teen kosprys of markwaarde, wat ook al die laagste is, gewaardeer, en kosprys word op 'n laaste-in-eerste-uit- (LIEU) grondslag bepaal.

Vanaf 1 Maart 2005:

Die Groep klassifiseer sy beleggings in die volgende kategorieë: finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies, lenings en debiteure, hou-tot-verval beleggings, en finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop. Die klassifikasie hang af van die doel waarvoor die beleggings verkry is. Bestuur bepaal die klassifikasie van sy beleggings met aanvanklike erkenning en herevalueer dié toewysing op elke verslagdatum.

Finansiële bates teen billike waarde deur wins en verlies

Hierdie kategorie het twee subkategorieë: hou-vir-verhandeling finansiële bates en dié wat by ontstaan teen billike waarde deur wins of verlies aangewys word. 'n Finansiële bate word in hierdie kategorie geklassifiseer indien dit hoofsaaklik verkry is om op die korttermyn verkoop te word, of indien dit só deur bestuur aangewys is. Afgeleide instrumente word ook as hou-vir-verhandeling gekategoriseer tensy dit as verskansings aangewys word. Bates in hierdie kategorie word as bedryfsbates geklassifiseer indien dit, óf vir verhandeling gehou word, óf verwag word dat dit binne twaalf maande na die balansstaatdatum gerealiseer sal word.

Die Groep tree op in verskeie ODT (oor die toonbank) toekomstige koop- en verkoopkontrakte vir die koop en verkoop van kommoditeite. Alhoewel sekere kontrakte deur die fisiese lewering of aflewering in die normale besigheidsaktiwiteite gedek word, word die ODT-kontrakte as 'n finansiële instrument geag. Dit word ingevolge IAS 39 teen billike waarde, waar die Groep 'n lang geskiedenis het van netto afhandeling (óf met die ander party, óf om in ander verrekeningskontrakte in te tree), te boek gestel.

Sodanige kontrakte word oorspronklik in die balansstaat teen kosprys erken en word dan teen billike waarde herwaardeer. Terwyl hierdie transaksies 'n effektiewe ekonomiese verskansing bewerkstellig, binne die Groep se risikobestuursbeleid, kwalifiseer dit nie om verreken te word volgens die spesifieke reëls van IAS 39 nie. Veranderings in die billike waarde van enige verskansingsinstrument wat nie kwalifiseer om verreken te word volgens IAS 39 nie, word onmiddellik in die inkomtestaat erken.

As daar 'n regsafdwingbare reg bestaan om erkende bedrae van finansiële bates en laste wat in bepaalbare monetêre eenhede is, teen mekaar te verreken en die Groep is van plan

om op 'n netto basis te verreken, word die relevante bates en laste teen mekaar verreken.

Lenings en debiteure

Lenings en debiteure is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer word nie. Dit ontstaan wanneer die Groep geld, goedere of dienste direk aan 'n debiteur verskaf sonder enige voorneme om sodanige debiteure te verhandel. Dit word in bedryfsbates ingesluit. In die geval van vervaldatums langer as twaalf maande na die balansstaatdatum, word dit as nie-bedryfsbates, geklassifiseer. Lenings en debiteure word in handels- en ander debiteure in die balansstaat ingesluit.

Hou-tot-verval-beleggings

Hou-tot-verval-beleggings is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings en vaste vervaldatums ten opsigte waarvan die Groep se bestuur van voornemens is en die vermoë het, om dit tot vervaldatum te hou.

Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop

Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop is nie-afgeleide instrumente wat óf in hierdie kategorie aangewys word óf nie in enige van die ander kategorieë geklassifiseer word nie. Dit word in nie-bedryfsbates ingesluit tensy die bestuur beoog om die belegging binne twaalf maande na die balansstaat te verkoop.

Die koop en verkoop van beleggings word op die handelsdatum – die datum waarop die Groep hom daartoe verbind om die bate te koop of te verkoop – erken. Beleggings ten opsigte van alle finansiële bates wat nie teen billike waarde deur wins of verlies gedra word nie, word aanvanklik teen billike waarde plus transaksiekoste erken.

Beleggings word afgeskryf wanneer die regte om kontantvloei uit die beleggings te ontvang verval het of oorgedra is en die Groep wesenlik alle risiko's en belonings van eienaarskap oorgedra het. Finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop en finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies word daarna teen billike waarde gedra. Lenings en debiteure en hou-tot-verval-beleggings word teen geamortiseerde koste volgens die effektiewe opbrengsmetode gedra. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese voortspruitend uit veranderinge in die kategorie "billike waarde van die finansiële bates deur wins of verlies" word in die inkomstestaat ingesluit in die tydperk waarin dit ontstaan. Ongerealiseerde winste en

verliese voortspruitend uit veranderinge in die billike waarde van nie-monetêre sekuriteite wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer is, word in ekwiteit erken. Wanneer sekuriteite wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer is, verkoop word, of ten opsigte waarvan waardedaling plaasvind, word die opgehoopte billike waarde-aanpassings as winste en verliese uit beleggingsekuriteite in die inkomstestaat ingesluit.

Die billike waardes van gekwoteerde beleggings word op heersende aanbodpryse gebaseer. Indien die mark vir 'n finansiële bate (en vir ongenoteerde sekuriteite) nie aktief is nie, bepaal die Groep billike waarde met behulp van waardasietegnieke. Dit sluit in die gebruik van onlangse armlengte-transaksies, verwysing na ander instrumente wat wesenlik dieselfde is, verdiskonteerde kontantvloei-ontleding, en opsieprysbepalingsmodelle wat verfyn word om die uitreiker se spesifieke omstandighede te weerspieël.

Die Groep bepaal op elke balansstaatdatum of objektiewe bewys bestaan dat waardedaling ten opsigte van 'n finansiële bate of groep finansiële bates plaasgevind het. In die geval van ekwiteitsekuriteite wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer is, word 'n aansienlike of verlengde daling in die billike waarde van die sekuriteit tot onder kosprys oorweeg om te bepaal of waardedaling ten opsigte van die sekuriteite plaasgevind het. Indien enige sodanige bewys ten opsigte van beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates bestaan, word die kumulatiewe verlies – gemeet as die verskil tussen die verkrygingskoste en die huidige billike waarde, min enige waardedaling op die betrokke finansiële bate wat voorheen in wins of verlies erken is – uit ekwiteit verwyder en in die inkomstestaat erken. Waardedaling wat in die inkomstestaat op ekwiteitsinstrumente erken word, word nie deur die inkomstestaat teruggedra nie.

7 VOORRAAD

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde erken. Kosprys word volgens die eerste-in-eerste-uit (EIEU) metode bepaal. Die kosprys van klaarprodukte en werk-in-proses behels ontwerp-koste, grondstowwe, direkte arbeid, ander direkte koste en verwante produksie-bokoste (gebaseer op normale bedryfskapasiteit). Dit sluit nie leenkoste in nie. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die gewone gang van sake, min toepaslike veranderlike verkoopskoste.

REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

44

Die koste van voorraad sluit die oordrag uit ekwiteit van winste/verliese op kwalifiserende kontantvloeiwerskansings, met betrekking tot voorraadaankope, in.

8 BIOLOGIESE BATES

Biologiese bates word teen billike waarde min geraamde verkoopskoste getoon. Billike waarde-veranderings word in die inkomstestaat erken. Al die koste wat met die vestiging en instandhouding van die bates aangegaan word, word in die inkomstestaat erken. Alle koste wat by die verkryging van biologiese bates aangegaan word, word gekapitaliseer. Finansieringskoste word nie gekapitaliseer nie.

Lewende hawe, bestaande uit braaikuikens, word aanvanklik teen billike waarde min geraamde verkoopskoste getoon.

9 HANDELSDEBITEURE

Handelsdebiteure word aanvanklik teen billike waarde erken en daarna teen geamortiseerde koste volgens die effektiewe opbrengsmetode, min voorsiening vir waardedaling, gemeet. 'n Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure word geskep wanneer objektiewe bewys bestaan dat die Groep nie alle bedrae wat ingevolge die oorspronklike kredietterme verskuldig is, sal kan invorder nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde van die bate en die huidige waarde van geraamde toekomstige kontantvloei, verdiskonteer teen die effektiewe rentekoers. Die bedrag van die voorsiening word in die inkomstestaat erken.

Ingesluit in handelsdebiteure is betalings namens derde partye gemaak ten opsigte van landbouprodukte, wat by lewering van sodanige landbouprodukte terugbetaalbaar is. Die verskuldigde bedrae word deur fisiese graan- en ander sekuriteite onder die beheer van die Groep gesekureer.

10 KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Kontant en kontantekwivalente word in die balansstaat teen kosprys gedra. Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant op hande, aanvraagdeposito's by banke, ander korttermyn, hoogs likiede beleggings met vervaldatums van drie maande of minder en oortrokke bankrekeninge.

Oortrokke bankrekeninge word by bedryfslaste op die balansstaat ingesluit.

11 AANDELEKAPITAAL

Gewone aandele word as ekwiteit geklassifiseer. Verpligte aflosbare voorkeuraandele word as verpligtinge geklassifiseer.

Inkrementele koste direk toeskryfbaar aan die uitreiking van nuwe aandele of opsies word as 'n vermindering, na aftrekking van inkomstebelasting, van die opbrengste in ekwiteit getoon. Inkrementele koste direk toeskryfbaar aan die uitreiking van nuwe aandele of opsies, of vir die verkryging van 'n besigheid, word in die koste van verkryging as deel van die koopsom ingesluit.

Waar enige Groepsmaatskappy die Maatskappy se ekwiteitsaandelekapitaal (tesourie-aandele) koop, word die teenprestasie, insluitende enige direk toeskryfbare inkrementele koste (na aftrekking van inkomstebelasting) wat betaal word, afgetrek van ekwiteit toeskryfbaar aan die Maatskappy se ekwiteitshouers totdat die aandele gekanselleer, heruitgereik of van die hand gesit word. Waar sodanige aandele vervolgens verkoop of heruitgereik word, word enige teenprestasie wat ontvang word, na aftrekking van enige direk toeskryfbare inkrementele transaksiekoste en die betrokke inkomstebelastingeffek, in ekwiteit toeskryfbaar aan die Maatskappy se ekwiteitsaandelehouers ingesluit.

Aandele in die Maatskappy word deur die AFGRI Bpk Trust gehou. Die kosprys van dié aandele word van die Groep se ekwiteit afgetrek. Die AFGRI Bpk Trust word gekonsolideer.

12 TRANSAKSIE VIR SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (“SEB”)

AFGRI se transaksie vir swart ekonomiese bemagtiging sluit die volgende in:

- Verkoop van ’n 26,77% onverdeelde belang in die besigheid van AFGRI Bedryfs aan die Trust.
- AFGRI Bedryfs en die Trust sal mede-eienaars van die hele sakeonderneming, wat as ’n lopende saak deur AFGRI Bedryfs bedryf word, wees.
- AFGRI Bedryfs sal voortgaan om die hele sakeonderneming in ’n vennootskap te bestuur.

Die transaksie word nie as ’n verkoop van bates hanteer nie. Die vennootskap word as ’n geheel gekonsolideer en die SEB-belang word as ’n minderheidsbelang op die balansstaat geopenbaar. Die gedeelte van die inkomste voor belasting word as ’n minderheidsbelang in die inkomstestaat geopenbaar en na minderheidsbelang op die balansstaat gekrediteer.

AFGRI Bedryfs het ’n koopopsie om die Trust te versoek om sy onverdeelde belang in die hele besigheid van AFGRI Bedryfs aan AFGRI Bedryfs te verkoop. Die koopopsieprys sal in kontant óf deur die toekenning en uitreiking van nuwe AFGRI Bedryfs aandele, óf nuwe AFGRI aandele, vereffen word.

13 LENINGS

Lenings word aanvanklik teen billike waarde, na aftrekking van transaksiekoste aangegaan erken. Lenings word vervolgens teen geamortiseerde koste getoon; enige verskil tussen opbrengs (na aftrekking van transaksiekoste) en aflossingswaarde word oor die tydperk van die lenings volgens die effektiewe opbrengsmetode in die inkomstestaat erken.

Lenings word as bedryfslaste geklassifiseer tensy die Groep ’n onvoorwaardelike reg het om die vereffening van die las tot minstens twaalf maande na die balansstaatdatum uit te stel.

14 UITGESTELDE INKOMSTEBELASTING

Uitgestelde inkomstebelasting word ten volle voorsien op die aanspreeklikheidsmetode in die gekonsolideerde finansiële state vir tydelike verskille wat tussen die belastingbasisse van bates en laste en hulle drawaardes in die gekonsolideerde finansiële state ontstaan. Indien die uitgestelde inkomstebelasting egter voortspruit uit aanvanklike erkenning van ’n bate of las in ’n transaksie anders as ’n besigheidsamevoeging wat ten tye van die transaksie nóg rekenkundige nóg belasbare wins of verlies beïnvloed, word dit nie erken nie. Uitgestelde inkomstebelasting word bepaal volgens belastingkoerse (en wette) wat teen die balansstaatdatum gepromulgeer of wesenlik gepromulgeer is en na verwagting van toepassing sal wees wanneer die verwante uitgestelde inkomstebelastingbate gerealiseer word of die uitgestelde inkomstebelastingbate vereffen word.

Uitgestelde inkomstebelastingbates word erken vir sover dit waarskynlik is dat toekomstige belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die tydelike verskille benut kan word.

Voorsiening vir uitgestelde inkomstebelasting word gemaak ten opsigte van tydelike verskille op beleggings wat in filiale en geassosieerdes ontstaan, behalwe waar die tydsberekening van die terugskryf van die tydelike verskil deur die Groep beheer word en dit waarskynlik is dat die tydelike verskil nie in die afsienbare toekoms teruggeskryf sal word nie.

15 BUITELANDSE WISSEL-KOERSOMSKAKELING

15.1 FUNKSIONELE EN AANBIEDINGSGELDEENHEID

Items wat in die finansiële state van elkeen van die Groep se entiteite ingesluit word, word volgens die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedrywig is, gemeet (“die funksionele geldeenheid”). Die gekonsolideerde finansiële state word in rand, wat die Maatskappy se funksionele en aanbiedingsgeldeenheid is, aangebied.

REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

46

15.2 TRANSAKSIES EN SALDO'S

Buitelandse wisselkoerstransaksies word in die funksionele geldeenheid volgens heersende wisselkoerse op die transaksiedatums omgerek. Buitelandse wisselkoerswinste en -verliese voortspruitend uit die vereffening van sodanige transaksies en uit die omskakeling teen jaareinde-wisselkoerse van monetêre bates en laste wat in buitelandse geldeenhede gedomineer word, word in die inkomstestaat erken, behalwe wanneer dit as kwalifiserende kontantvloeiervkansings en kwalifiserende netto beleggingverskansings in ekwiteit uitgestel word.

Omskakelingsverskille ten opsigte van nie-monetêre items, soos beleggings wat teen billike waarde deur wins of verlies gehou word, word as deel van die billike waarde-wins of -verlies gerapporteer. Omskakelingsverskille ten opsigte van nie-monetêre items, soos beleggings wat as finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer word, word in die billike waarde-reserwe in ekwiteit ingesluit.

15.3 GROEPMAATSKAPPY

Die resultate en finansiële posisie van al die Groepentiteite (waarvan nie een die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie het nie) wat 'n funksionele geldeenheid het wat van die aanbiedingsgeldeenheid verskil, word soos volg in die aanbiedingsgeldeenheid omgeskakel:

- 1 bates en laste vir elke balansstaat wat aangebied word, word teen die sluitingskoers op die datum van die balansstaat omgerek;
- 2 inkomste en uitgawes vir elke inkomstestaat word teen gemiddelde wisselkoerse omgerek (tensy dié gemiddelde nie 'n redelike benadering van die kumulatiewe uitwerking van die heersende wisselkoerse op die transaksiedatums is nie, in welke geval inkomste en uitgawes op die transaksiedatums omgerek word); en
- 3 alle gevolglike omskakelingsverskille word as 'n afsonderlike komponent van ekwiteit erken.

By konsolidasie word buitelandse wisselkoersomskakelingsverskille wat by die omskakeling van die netto belegging in buitelandse entiteite ontstaan, en van lenings en ander wisselkoers-instrumente wat as verskansings van sodanige beleggings aangewys word, in aandeelhouersekwiteit erken. Wanneer 'n buitelandse besigheid verkoop word, word sodanige buitelandse wisselkoersomskakelingsverskille in die inkomstestaat as deel van die wins of verlies by verkoop, erken.

16 HURE

16.1 'N GROEPMAATSKAPPY IS DIE HUURDER

Hure ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting waar die Groep wesenlik al die risiko's en belonings van eienaarskap het, word as bruikhuurkontrakte geklassifiseer. Bruikhuurkontrakte word met die aangaan van die bruikhuurkontraat teen die billike waarde van die bruikhuureiendom en die huidige waarde van die minimum bruikhuurbetalings gekapitaliseer. Elke huurbetaling word tussen die verpligting en finansieringskoste geallokeer om 'n konstante koers ten opsigte van die uitstaande finansieringsaldo te verkry. Die ooreenstemmende bruikhuurverpligtinge, na aftrekking van finansieringskoste, word in lenings ingesluit.

Die rente-element van die finansieringskoste word oor die bruikhuurtermyn teen die inkomstestaat gedebiteer om 'n konstante periodieke rentekoers ten opsigte van die oorblywende saldo van die las vir elke tydperk te lewer. Die eiendom, aanleg en toerusting wat ingevolge bruikhuurkontrakte verkry word, word oor die nuttige lewensduur van die bate of die bruikhuurtermyn, wat ook al die kortste is, gedeprimeer.

Hure, waar die verhuurder 'n aansienlike gedeelte van die risiko's en belonings van eienaarskap behou, word as bedryfshuurkontrakte geklassifiseer. Betalings wat ingevolge bedryfshuurkontrakte gedoen word (na aftrekking van enige aansporings wat van die verhuurder ontvang word) word op 'n reguitlynbasis oor die termyn van die huurkontraat teen die inkomstestaat gedebiteer.

16.2 'N GROEPMAATSKAPPY IS DIE VERHUURDER

Wanneer bates ingevolge 'n bruikhuurkontraat verhuur word, word die huidige waarde van die bruikhuurbetalings as 'n debiteur erken. Die verskil tussen die bruto debiteur en die huidige waarde van die debiteur word as onverdiende finansieringsinkomste erken. Bruikhuurinkomste word oor die termyn van die bruikhuurkontraat volgens die nettobeleggingsmetode erken, wat 'n konstante periodieke opbrengskoeers weerspieël.

Bates wat ingevolge bedryfshuurkontrakte aan derde partye verhuur word, word in eiendom, aanleg en toerusting in die balansstaat ingesluit. Die bates word oor hulle verwagte nuttige

lewenduur gedepresieer op 'n grondslag wat ooreenstem met soortgelyke eiendom, aanleg en toerusting wat besit word. Huurinkomste (na aftrekking van enige aansporings wat aan huurders gegee word) word op 'n reguitlynbasis oor die termyn van die huurkontrak erken.

17 WERKNEMERVOORDELE

17.1 PENSIOENVERPLIGTINGE

Groepmaatskappye bedryf verskeie pensioenskemas. Die Groep het omskrewre vastebydraeplanne. 'n Omskrewre vastebydraeplan is 'n pensioenplan ingevolge waarvan die Groep vaste bydraes in 'n afsonderlike entiteit inbetaal. Die Groep het geen wetlike of afgeleide verpligtinge om verdere bydraes te betaal indien die fonds nie toereikende bates het om die voordele met betrekking tot werknemerdienste in die huidige en vorige tydperke aan alle werknemers te betaal nie.

Vir omskrewre vastebydraeplanne betaal die Groep bydraes aan staats- of privaat geadministreerde pensioenversekeringsplanne op 'n verpligte, kontraktuele of vrywillige grondslag. Die Groep het geen verdere betaalverpligtinge sodra die bydraes betaal is nie. Die bydraes word as werknemer-voordeelkoste erken wanneer dit verskuldig is. Voorafbetaalde bydraes word as 'n bate erken vir sover 'n kontantterugbetaling of 'n afname in toekomstige betalings beskikbaar is.

17.2 AANDEELGEBASEERDE VERGOEDING

Aandele-opsies voor 7 November 2002 toegeken en voor 1 Januarie 2005 gevestig

Geen onkoste word ten opsigte van die opsies erken nie. Die aandele word erken wanneer die opsies uitgeoefen word en die opbrengs ontvang word tussen aandeelkapitaal en aandeelpremie verdeel.

Aandele-opsies na 7 November 2002 toegeken en na 1 Januarie 2005 gevestig

Die totale bedrag wat oor die vestigingstydperk as uitgawe erken gaan word, word bepaal met verwysing na die billike waarde van die opsies wat toegeken word, met uitsluiting van die impak van enige nie-markvestigingstoestande (byvoorbeeld, winsgewendheids- en verkoops-groeiteikens). Nie-markvestigingstoestande word by aannames aangaande die getal opsies wat na verwagting uitoefenbaar gaan word, ingesluit. Op elke balansstaatdatum hersien die entiteit sy

ramings van die getal opsies wat na verwagting uitoefenbaar gaan word.

Die entiteit erken die impak van die hersiening van oorspronklike ramings, as daar is, in die inkomstestaat en 'n ooreenstemmende aanpassing aan ekwiteit.

Die opbrengs wat na aftrekking van enige direk toeskryfbare transaksiekoste ontvang word, word in aandeelkapitaal (nominale waarde) en aandeelpremie gekrediteer wanneer die opsies uitgeoefen word.

17.3 DIENSBEËINDIGINGSVOORDELE

Diensbeëindigingsvoordele is betaalbaar wanneer diens voor die normale aftreedatum beëindig word of wanneer 'n werknemer vrywillige afleggingspakkette in ruil vir dié voordele aanvaar. Die Groep erken diensbeëindigingsvoordele wanneer hy daartoe verbind is om óf: die diens van huidige werknemers in ooreenstemming met 'n gedetailleerde formele plan sonder die moontlikheid van terugtrekking te beëindig; óf om diensbeëindigingsvoordele te verskaf as gevolg van 'n aanbod wat gedoen is om vrywillige aflegging aan te moedig.

17.4 WINSDELINGS- EN BONUSPLANNE

Die Groep erken 'n aanspreeklikheid en 'n uitgawe vir bonusse en winsdeling gebaseer op 'n formule wat die wins toeskryfbaar aan die Maatskappy se aandeelhouers ná sekere aanpassings in ag neem. Die Groep erken 'n voorsiening waar hy kontraktueel verplig is, of waar 'n vorige praktyk bestaan waardeur 'n konstruktiewe verpligting geskep is.

18 VOORSIENINGS

Voorsienings word erken wanneer:

- die Groep 'n huidige regs- of konstruktiewe verpligting as gevolg van gebeure in die verlede het;
- dit meer waarskynlik is dat 'n uitvloeï van ekonomiese voordele vereis sal word om die verpligting te vereffen; en
- die bedrag betroubaar geraam is.

Herstruktureringvoorsienings behels huurbeëindigingsboetes en werknemer-diensbeëindigingsbetalings. Voorsienings word nie ten opsigte van toekomstige bedryfsverliese erken nie.

REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

48

Waar 'n aantal soortgelyke verpligtinge bestaan – byvoorbeeld, in die geval van produkwaarborg – word die waarskynlikheid dat 'n uitvloei ter vereffening vereis sal word, bepaal deur die klas verpligtinge in die geheel te oorweeg. 'n Voorsiening word erken selfs wanneer 'n geringe waarskynlikheid van 'n uitvloei bestaan ten opsigte van enige enkele item wat in dieselfde klas verpligtinge ingesluit word.

Voorsienings word teen die huidige waarde van die uitgawes wat na verwagting vereis gaan word om die verpligting te vereffen, gemeet, volgens 'n voorbelaste koers wat huidige markomstandighede van die tydwaarde van geld en die spesifieke risiko van die verpligting weerspieël. Die toename in die voorsiening as gevolg van die verloop van tyd word as 'n rente-uitgawe erken.

19 INKOMSTE ERKENNING

Inkomste behels die billike waarde van die verkoop van goedere en dienste, na aftrekking van belasting op toegevoegde waarde, kortings en afslag en na eliminering van verkope in die Groep. Inkomste word soos volg erken:

19.1 VERKOPE VAN GOEDERE

Verkope van goedere word erken wanneer 'n Groep entiteit produkte aan die klant gelewer het, die klant die produkte aanvaar het en verhaalbaarheid van die verwante debiteur redelik seker is.

19.2 VERKOPE VAN DIENSTE

Verkope van dienste word in die rekenpligtige tydperk waarin die dienste gelewer word, erken deur verwysing na voltooiing van die spesifieke transaksie, geraam op die grondslag van die werklike diens gelewer as verhouding van die totale dienste wat gelewer gaan word.

19.3 FINANSIERINGSINKOMSTE

Finansieringsinkomste word op 'n tydverhoudingsgrondslag volgens die effektiewe metode erken. Wanneer waardedaling ten opsigte van 'n debiteur plaasvind, verminder die Groep die drabedrag na die verhaalbare bedrag – synde die geraamde

toekomstige kontantvloei teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van die instrument te verdiskonteer – en gaan hy voort om die diskonto as finansieringsinkomste te erken. Finansieringsinkomste op lenings ten opsigte waarvan waardedaling plaasgevind het, word erken óf wanneer kontant ingevorder word, óf op 'n kosteverhalingsgrondslag namate toestande dit regverdig.

19.4 TANTIËME-INKOMSTE

Tantiëme-inkomste word op 'n geakkumuleerde basis in ooreenstemming met die wese van die betrokke ooreenkomste erken.

19.5 DIVIDENDINKOMSTE

Dividendinkomste word erken wanneer die reg om betaling te ontvang vasgestel is.

20 DIVIDENDDISTRIBUSIE

Dividenddistribusie aan die Maatskappy se aandeelhouders word as 'n verpligting erken in die tydperk waarin die dividende deur die aandeelhouders goedgekeur word.

21 KAPITAALDISTRIBUSIE

Die bruto kontantkapitaaldistribusie word teen aandeelpremie verreken wanneer dit betaal word en as kapitaal-distribusie aan aandeelhouders in die Groepstaat van Verandering in Ekwiteit geopenbaar.

22 SEGMENTONTLEDING

Besigheidsegmente verskaf produkte of dienste wat aan risiko onderhewig is en opbrengste het wat verskil van dié van ander besigheidsegmente. Geografiese segmente verskaf produkte of dienste in 'n bepaalde ekonomiese omgewing wat aan risiko's en opbrengste onderhewig is wat verskil van dié van komponente wat in ander ekonomiese omgewings besigheid bedryf.

Hoofkantooruitgawes word op die grondslag van 'n kombinasie van verkope, bedryfswins en tyd deur uitvoerende bestuur bestee, toegewys, behalwe waar inligtingstegnologie koste direk toegewys kan word.

23 FINANSIËLERISIKO-BESTUUR

23.1 FINANSIËLERISIKO-FAKTORE

Die Groep se aktiwiteite stel hom bloot aan 'n verskeidenheid van finansiële risiko's:

- (a) markrisiko (insluitende buitelandse wisselkoersrisiko en prysrisiko);
- (b) kontantvloeï- en billike waarde-rentekoersrisiko;
- (c) kredietrisiko; en
- (d) likiditeitsrisiko.

Die Groep se oorkoepelende risikobestuursprogram fokus op die onvoorspelbaarheid van finansiële markte en poog om potensiële ongunstige uitwerkings op die Groep se finansiële prestasie tot die minimum te beperk. Die Groep gebruik afgeleide finansiële instrumente om sekere risikoblootstellings te verskans.

Risikobestuur word deur 'n sentrale tesourie-afdeling (Groepesourie) bestuur ingevolge beleide wat deur die Direksie goedgekeur word. Groepesourie identifiseer, evalueer en verskans finansiële risiko's in noue samewerking met die Groep se bedryfseenhede. Die Direksie verskaf skriftelike beginsels vir oorkoepelende risikobestuur, sowel as skriftelike beleide wat spesifieke areas, soos buitelandse wisselkoers, rentekoersrisiko, kredietrisiko, die gebruik van afgeleide finansiële instrumente en nie-afgeleide finansiële instrumente, en die belegging van surpluslikiditeit, dek.

(a) Markrisiko

(i) Buitelandse wisselkoersrisiko

Die Groep, wat internasionaal handel dryf, word blootgestel aan buitelandse wisselkoersrisiko voortspruitend uit verskeie geldeenheidblootstellings, hoofsaaklik ten opsigte van die VSA-dollar en die Euro.

Buitelandse wisselkoersrisiko spruit voort uit toekomstige handelstransaksies, erkende bates en laste en netto beleggings in buitelandse bedrywighede. Ten einde hul buitelandse wisselkoersrisiko voortspruitend uit toekomstige handelstransaksies en erkende bates en laste te bestuur, gebruik entiteite in die Groep vooruitkontrakte wat met Groepesourie aangegaan word. Buitelandse wisselkoersrisiko ontstaan

wanneer toekomstige handelstransaksies en erkende bates en laste gedeneem word in 'n geldeenheid wat nie die entiteit se funksionele geldeenheid is nie. Groepesourie is verantwoordelik vir die bestuur van die netto posisie in elke buitelandse geldeenheid deur eksterne valutatermynkontrakte te gebruik.

Met die oog op segmentele verslagdoening sluit elke filiaal kontrakte met Groepesourie óf as billike waarde-verskansings óf kontantvloeiverskansings, soos van toepassing. Eksterne termynwisselkoerskontrakte word op groepvlak as verskansings van buitelandse wisselkoersrisiko ten opsigte van spesifieke bates, laste of toekomstige transaksies, op 'n bruto grondslag, aangewys.

Die Groep se risikobestuursbeleid is om 100% van alle verwagte transaksies in elke belangrike geldeenheid vir die volgende twaalf maande te verskans.

Die Groep het sekere beleggings in buitelandse bedrywighede wie se netto bates aan buitelandse wisselkoersomskakelingsrisiko blootgestel is. Wisselkoersblootstellings voortspruitend uit die netto bates van die Groep se buitelandse bedrywighede in Afrika en Australië word hoofsaaklik deur middel van lenings wat in die betrokke buitelandse geldeenhede gedeneem word, bestuur.

(ii) Prysrisiko

Die Groep is blootgestel aan ekwiteitsekuriteite-prysrisiko as gevolg van beleggings wat deur die Groep gehou word en op die gekonsolideerde balansstaat óf as beskikbaar-vir-verkoop óf teen billike waarde deur wins of verlies in die gekonsolideerde balansstaat geklassifiseer word. Die Groep is nie aan kommoditeitsprysrisiko blootgestel nie.

(b) Kontantvloeï- en billike waarde-rentekoersrisiko

Die Groep se inkomste- en bedryfskontantvloeï is wesenlik onafhanklik van veranderinge in markrentekoerse. Die rentekoerse van bruikuurkontrakte waar die Groep die verhuurder is, word by die ontstaan van die bruikuurkontrak vasgestel. Dié bruikuurkontrakte stel die Groep bloot aan billike waarde-rentekoersrisiko.

Die Groep se kontantvloeï-rentekoersrisiko ontstaan uit langtermynlenings. Lenings wat teen veranderlike koerse toegestaan word, stel die Groep bloot aan kontantvloeï-

REKENINGKUNDIGE BELEID (vervolg)

rentekoersrisiko. Lenings wat teen vaste koerse toegestaan word, stel die Groep bloot aan billike waarde-rentekoersrisiko. Dit is Groepbeleid om ongeveer 60% van sy lenings in vastekoers-instrumente te hou. Op jaareinde was 65% van lenings teen vaste koerse.

Die Groep bestuur sy kontantvloei-rentekoersrisiko deur middel van veranderlike-tot-vaste-rentekoersruiltransaksies. Die ekonomiese uitwerking van sodanige rentekoersruiltransaksies is dat lenings van veranderlike rentekoerse in vaste koerse omgesit word. Die Groep gaan gewoonlik lenings teen veranderlike rentekoerse aan en sit dit om in vaste rentekoerse wat laer is as dié wat beskikbaar is indien die Groep direk teen vaste rentekoerse geleen het. Ingevolge die rentekoersruiltransaksies gaan die Groep met ander partye akkoord om die verskil tussen vaste kontrakkoerse en veranderlike koers-rentebedrae wat met verwysing na die ooreengekome veronderstelde hoofsomme bereken word met gespesifiseerde tussenposes te ruil.

(c) Kredietrisiko

Die Groep is blootgestel aan die landboubedryf en het aansienlike kredietrisiko-konsentrasies in dié verband. Die Groep het beleide in plek om te verseker dat produkte aan klante met 'n toepaslike kredietgeskiedenis verkoop word. Afgeleide-instrument-teenpartye en kontanttransaksies word beperk tot finansiële instellings met hoë kredietwaardigheid. Die Groep het beleide in plek wat die bedrag van kredietblootstelling aan enige finansiële instelling beperk.

(d) Likiditeitsrisiko

Omsigtige likiditeitsrisikobestuur impliseer die instandhouding van toereikende kontant en bemarkbare sekuriteite, die beskikbaarheid van befondsing deur middel van 'n toereikende hoeveelheid van goedgekeurde kredietfasiliteite en die vermoë om markposisies volkome te ontbondel. As gevolg van die dinamiese aard van die onderliggende besighede beoog Groepesourie om befondingsaanpasbaarheid te handhaaf deur goedgekeurde kredietlyne beskikbaar te hou.

23.2 BILLIKE WAARDE-RAMING

Die billike waarde van finansiële instrumente wat in aktiewe markte verhandel word (soos beursverhandelde afgeleide instrumente en verhandelings- en beskikbaar-vir-verkoop-sekuriteite) word teen gekwoteerde markpryse op die balansstaatdatum gebaseer.

Die gekwoteerde markprys wat gebruik word vir finansiële bates wat deur die Groep gehou word, is die heersende aanbodprys; die gepaste gekwoteerde markprys vir finansiële laste is die heersende vraprys.

Die billike waarde van finansiële instrumente wat nie in 'n aktiewe mark verhandel word nie (byvoorbeeld, ODT afgeleide instrumente) word met behulp van waardasietegnieke bepaal. Die Groep gebruik 'n verskeidenheid van metodes en aannames word gemaak op grond van marktoestande wat op elke balansstaatdatum heers.

Gekwoteerde markpryse of handelaarkwotasies vir soortgelyke instrumente word vir langtermynskuld gebruik. Ander tegnieke, soos geraamde verdiskonteerde kontantvloei, word gebruik om billike waarde vir die oorblywende finansiële instrumente te bepaal.

Die billike waarde van rentekoersruiltransaksies word as die huidige waarde van die geraamde toekomstige kontantvloei bereken. Die billike waarde van wisselkoerskontrakte word met behulp van wisselkoersterynmarkkoerse op die balansstaatdatum bepaal.

Daar word veronderstel dat die nominale waarde min geraamde kredietaanpassings van debiteure en krediteure hulle billike waardes benader.

Die billike waarde van finansiële laste word, met die oog op openbaarmaking, geraam deur die toekomstige kontraktuele kontantvloei teen die heersende markrentekoers wat vir soortgelyke finansiële instrumente vir die Groep beskikbaar is, te verdiskonteer.

24 VERANTWOORDING VIR AFGELEIDE FINANSIËLE INSTRUMENTE EN VER- SKANSINGSAKTIWITEITE

Afgeleide instrumente word aanvanklik teen billike waarde op die datum waarop 'n afgeleide kontrak aangegaan word, erken en daarna teen billike waarde herwaardeer. Die metode vir die erkenning van die gevolglike wins of verlies hang daarvan af of die afgeleide instrument as 'n verskansingsinstrument aangewys word, en indien wel, die aard van die item wat verskans word. Die Groep wys sekere afgeleide instrumente aan as óf: (1)

verskansings van die billike waarde van erkende bates of laste of 'n vaste verbintenis (billike waarde-verskansing); (2) verskansings van hoogs waarskynlike voorspelde transaksies (kontantvloeiwerskansings); of (3) verskansings van netto beleggings in buitelandse bedrywighede.

By die aanvang van die transaksie dokumenteer die Groep die verhouding tussen verskansingsinstrumente en verskanste items, sowel as sy risikobestuursdoelwit en strategie wanneer verskillende verskansingstransaksies aangegaan word. Die Groep dokumenteer by die totstandkoming van die verskansing en op 'n deurlopende grondslag ook sy evaluering of die afgeleide instrumente wat in verskansingstransaksies gebruik word hoogs effektief is om veranderings in die billike waardes of kontantvloei van verskanste items te neutraliseer.

Die billike waardes van verskillende afgeleide instrumente wat vir verskansingsdoeleindes gebruik word, word in Aantekening 10.1 ('Afgeleide finansiële instrumente') geopenbaar. Bewegings in die verskansingsreserwe in aandeelhouersekuiteit word in Aantekening 14 ('Billike waarde- en ander reserwes') getoon.

(a) Billike waarde-verskansing

Veranderings in die billike waarde van afgeleide instrumente wat aangewys word en as billike waarde-verskansings kwalifiseer, word in die inkomstestaat te boek gestel tesame met enige veranderings in die billike waarde van die verskanste bate of las wat aan die verskanste risiko toeskryfbaar is.

(b) Kontantvloeiwerskansing

Die effektiewe gedeelte van veranderings in die billike waarde van afgeleide instrumente wat aangewys word en as kontantvloeiwerskansings kwalifiseer, word in ekwiteit erken. Die wins of verlies met betrekking tot die nie-effektiewe gedeelte word direk in die inkomstestaat erken.

Opgehoopde bedrae in ekwiteit word in die inkomstestaat hersirkuleer in die tydperke wanneer wins of verlies deur die verskanste item beïnvloed sal word (byvoorbeeld, wanneer die voorspelde verkoop wat verskans word, plaasvind). Wanneer die voorspelde transaksie wat verskans word egter tot gevolg het dat 'n nie-finansiële bate (byvoorbeeld, voorraad) of 'n las erken word, word die winste en verliese wat voorheen in ekwiteit uitgestel is, uit ekwiteit oorgeplaas en in die aanvanklike meting van die koste van die bate of laste ingesluit.

Wanneer 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of wanneer 'n verskansing nie meer aan die kriteria vir verskansingsverantwoording voldoen nie, bly enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie tydstep in ekwiteit bestaan, in ekwiteit en word dit erken wanneer die voorspelde transaksie uiteindelik in die inkomstestaat erken word.

Wanneer verwag word dat 'n voorspelde transaksie nie meer sal plaasvind nie, word die kumulatiewe wins of verlies wat in ekwiteit gerapporteer is, onmiddellik na die inkomstestaat oorgeplaas.

(c) Netto beleggingsverskansing

Verskansings van netto beleggings in buitelandse bedrywighede word op 'n soortgelyke manier as kontantvloeiwerskansings verantwoord. Enige wins of verlies op die verskansingsinstrument wat met die effektiewe gedeelte van die verskansing verband hou, word in ekwiteit erken; die wins of verlies met betrekking tot die nie-effektiewe gedeelte word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

Winste en verliese wat in ekwiteit akkumuleer, word in die inkomstestaat ingesluit wanneer die buitelandse bedrywigheid verkoop word.

(d) Afgeleide instrumente wat nie vir verskansingsverantwoording kwalifiseer nie

Sekere afgeleide instrumente kwalifiseer nie vir verskansingsverantwoording nie. Veranderings in die billike waarde van enige afgeleide instrumente wat nie vir verskansingsverantwoording kwalifiseer nie, word onmiddellik in die inkomstestaat erken.

25 STAATSUBSIDIES

Subsidies van die staat word, sodra daar redelike sekerheid bestaan dat die subsidie ontvang sal word en dat die Groep aan die gepaardgaande voorwaardes sal voldoen, teen billike waarde erken.

Staatsubsidies met betrekking tot uitgawes word uitgestel en in die inkomstestaat oor die tydperk waarin die uitgawes aangegaan word, erken.

Staatsubsidies met betrekking tot die aankoop van eiendom, aanleg en toerusting word as nie-bedryfslaste getoon en word teen die inkomstestaat volgens die reguitlynbasis oor die verwagte leeftyd van die bates gekrediteer.